



Connect with stories

Encourage your children to be readers by helping them connect with the stories and books you read aloud to them. This is easy to do because children love to explore how the stories they read, relate to their own life experiences. They are also always eager to learn and know more about things they are interested in.




Here are some ideas for helping children connect to stories – before, during and after you have read them aloud.

BEFORE READING ALOUD

- ★ Talk about the front cover of the book. Ask your children what they think the story could be about.
- ★ Read the blurb on the back cover together. What does it tell you about the story? What does it make your children want to find out more about?
- ★ If the story is set in a real place, find the place on a map.

WHILE READING ALOUD

- ★ Allow time for your children to look at the pictures closely. Point out interesting details in the pictures.
- ★ Together with your children, make the sounds and movements of the characters in the stories – roar like a lion, hop like a rabbit, walk like a princess.
- ★ Use different voices for different characters.
- ★ Use facial expressions and gestures to act out a character you are reading about.



After reading aloud

- ★ Ask your children what part of the story they liked the most. Together with your children act out this part of the story. Encourage them to interpret it in their own way. Their interpretation does not have to be exactly the same as in the book.
- ★ Encourage your children to connect with the characters in the story by asking them to talk about a time when they felt the same way the character did, for example, angry, scared or sad.
- ★ Ask your children to think of other stories they know that are similar in some way to the story you have just read. Talk about the way that these stories are similar and different.
- ★ Talk about interesting facts or characteristics of any animals or places in the story, for example, in which parts of the world hyenas are found, what they like to eat and how long they live.
- ★ Even after reading time is over, pretend to be the story characters until bedtime, or for part of the following day.
- ★ Together, change the names of the characters in the story to the names of people you know. Then read the story again using these names.



Drive your
imagination



Vind aanklank by stories

Moedig jou kinders aan om lesers te wees deur hulle te help om aanklank te vind by die stories en boeke wat jy hardop vir hulle lees. Dit is maklik om te doen, want kinders hou daarvan om te verken hoe die stories wat hulle lees, verband hou met hul eie lewenservarings. Hulle is ook altyd gretig om meer te leer en te wete te kom oor die dinge waarin hulle belangstel.

Hier volg 'n paar idees om kinders te help om aanklank te vind by stories – voor, terwyl en nadat jy dit hardop gelees het.

VOORDAT JY HARDOP LEES

- ★ Praat oor die omslag van die boek. Vra jou kinders waarom hulle dink die storie sal gaan.
- ★ Lees die teks op die agterblad saam. Wat vertel dit vir jou van die storie? Waaroor wil jou kinders meer uitvind wanneer hulle dit lees?
- ★ Indien die storie op 'n regte plek afspeel, vind die plek op 'n kaart.

TERWYL JY HARDOP LEES

- ★ Maak tyd vir jou kinders om goed na die prente te kyk. Wys vir hulle interessante besonderhede in die prente.
- ★ Maak saam met jou kinders die klanke en bewegings van die karakters in die stories – brul soos 'n leeu, hop soos 'n hasie, stap soos 'n prinses.
- ★ Gebruik verskillende stemme vir verskillende karakters.
- ★ Gebruik gesigsuitdrukkings en gebare om 'n karakter waarvan jy lees, uit te beeld.

Nadat jy hardop gelees het

- ★ Vra jou kinders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Voer saam met jou kinders hierdie deel van die storie op. Moedig hulle aan om dit op hul eie manier te vertolk. Hul interpretasie hoef nie presies ooreen te stem met dié in die boek nie.
- ★ Moedig jou kinders aan om 'n band te bou met die karakters in die storie deur hulle te vra om te praat oor 'n keer toe hulle net soos die karakter gevoel het, byvoorbeeld, kwaad, bang of hartseer.
- ★ Vra jou kinders om aan ander stories te dink wat hulle ken en wat op een of ander manier soortgelyk is aan die storie wat julle so pas gelees het. Praat oor die manier waarop hierdie stories ooreenstem en verskil.
- ★ Praat oor interessante feite of kenmerke van enige diere of plekke in die storie, byvoorbeeld, in watter dele van die wêreld kom hiënas voor, wat eet hulle graag en hoe lank leef hulle.
- ★ Selfs wanneer leestyd verby is, maak tot en met slaaptijd, of vir 'n deel van die volgende dag, of julle die storiekarakters is.
- ★ Verander saam die name van die karakters in die storie na die name van mense wat julle ken. Lees die storie dan weer en gebruik hierdie name.



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.

Get creative!

Making books with children is a great way to help them understand the link between reading and writing. You can make simple books, like the cut-out-and-keep books in the supplement, or books that will last longer. Here are some ideas to try.

Create a story

1. Invite your children to tell you or a friend a story.
2. Then let them plan which part of the story they will put on each page of their book.
3. Give each child a blank book, and invite them to write and illustrate their story. Remember that the children can illustrate their stories in different ways, for example, by drawing pictures, pasting in photos and pasting in things like tickets, pieces of fabric, invitations or small, flat objects.



Wees kreatief!

Om saam met kinders boeke te maak, is 'n wonderlike manier om hulle te help om die verband tussen lees en skryf te verstaan. Jy kan eenvoudige boeke maak, soos die knip-uit-en-bêreboekies in die bylae, of boeke wat langer sal hou. Hier volg 'n paar idees wat jy kan probeer.

Skep 'n storie

1. Nooi jou kinders om vir jou of vir 'n maat 'n storie te vertel.
2. Laat hulle dan beplan watter deel van die storie hulle op elke bladsy van hul boek sal skryf.
3. Gee vir elke kind 'n blanko boek en nooi hulle om hul storie in hul boek neer te skryf en te illustreer. Onthou dat kinders hul stories op verskillende maniere kan illustreer, deur byvoorbeeld prente te teken, foto's in te plak en goed soos kaartjies, stukkies materiaal, uitnodigings of klein, plat voorwerpe in te plak.

Make a book cover Maak 'n omslag

1.



1. Cut out two sheets of thin cardboard for the front and back cover. Each sheet should be a bit bigger than the pages of your book.

1. Knip twee velle dun karton vir die voorblad en agterblad. Elke vel moet 'n bietjie groter as die bladsye van jou boek wees.

2.



2. Cut out two pieces of pretty paper, or use blank paper and decorate it to suit what your story is about. Each piece of paper should be longer and wider than the cardboard in (1). Then place one piece of pretty paper face-down and paste a sheet of the cardboard from (1) in the middle. Repeat this with the other sheet of pretty paper and cardboard.

2. Knip twee stukke mooi papier uit, of gebruik blanko papier en versier dit om by jou storie te pas. Elke stuk papier moet langer en breër as die karton in (1) wees. Plaas dan een stuk van die mooi papier met die regte kant na onder en plak 'n vel van die karton in (1) in die middel daarvan vas. Herhaal dit met die ander stuk mooi papier en karton.

3.



3. Fold in the corners of the pretty paper and glue them down.

3. Vou die hoeke van die mooi papier in en plak dit met gom vas.

4.



4. Fold in the sides of the pretty paper and glue them down.

4. Vou die kante van die mooi papier in en plak dit met gom vas.

5.



5. Cut out two sheets of paper to go on the inside of the pretty paper. Glue them down onto each cover.

5. Knip twee velle papier uit om aan die binnekant van die mooi papier vas te plak. Plak dit op elke omslag vas.

Bind the book Bind die boek

1.



1. Put the story pages inside the covers. Clip the covers and pages in place with pegs or clips.

1. Plaas die storiebladsye binne-in die omslae. Hou die omslae en bladsye met pennetjies of knippe in plek.

2.



2. Make two holes along the left side of your book a little way from the top and bottom edges.

2. Maak twee gaatjies aan die linkerkant van jou boek 'n entjie van die boonste en onderste rande af.

3.



3. Thread a long piece of ribbon, string or wool through the holes a few times. Leave enough ribbon on the one side of your book to tie a bow.

3. Ryg 'n lang stukkies lint, tou of wol 'n paar keer deur die gaatjies. Laat genoeg lint aan die een kant van jou boek om 'n strik te maak.

4.



4. Tie the two pieces of ribbon in a knot and then tie a bow. Write the title of your story, as well as the name of the author and illustrator on the front cover.

4. Knoop die twee stukkies lint om 'n strik te maak. Skryf die titel van jou storie, asook die naam van die skrywer en illustreerder op die voorblad.

Photos/Foto's: Chêlan Naicker



Drive your
imagination

Collect the Nal'ibali characters

Cut out and keep all your favourite Nal'ibali characters and then use them to create your own pictures, posters, stories or anything else you can think of!

About Hope


Age: 10

Friends: Neo, Josh

Favourite fruit: bananas

Favourite sport: karate

Books she likes: novels about the daily lives of children her own age, and information books about wild animals or karate



Versamel die Nal'ibali-karakters

Versamel al jou gunsteling Nal'ibali-karakters deur hulle uit te knip en dan te gebruik om jou eie prente, plakkate, stories, of enigiets anders waaraan jy kan dink, te maak!

Oor Hope

Ouderdom: 10

Maats: Neo, Josh

Gunstelingvrug: piesangs

Gunstelingsport: karate

Boeke waarvan sy hou: romans oor die daaglikse lewens van kinders van haar eie ouderdom, en inligtingsboeke oor wilde diere of karate

Here's an idea ...

- ✂ Cut out and colour in the picture of Hope and then paste it on a large sheet of paper. Next draw a thought bubble above Hope's head. Then draw a picture inside the thought bubble to show Hope thinking about competing in her next karate competition.
- ✂ Keep the picture in a safe place and when you have collected all the Nal'ibali characters, use them to create your own Nal'ibali poster!

Hier's 'n idee ...

- ✂ Knip die prent van Hope uit, kleur dit in en plak dit dan op 'n groot vel papier vas. Teken nou 'n dinkborrel bo Hope se kop. Teken 'n prent in die dinkborrel wat wys hoe Hope aan die volgende karatekompetisie dink waaraan sy gaan deelneem.
- ✂ Bêre die prent op 'n veilige plek, en wanneer jy al die Nal'ibali-karakters versamel het, gebruik dit om jou eie Nal'ibali-plakkaat te maak!

Reading club corner



Leesklubhoekie



One way to bring stories to life at your reading club, is to turn stories into plays! You can either work on one story altogether, or divide the children into smaller groups to work on different stories. Follow the steps below and have fun!



Een manier om stories by jou leesklub meer lewendig te maak, is om die stories in toneelstukke te verander! Julle kan almal saamwerk aan een storie, of verdeel die kinders in kleiner groepe om aan verskillende stories te werk. Volg die stappe hieronder en geniet dit!

1. Choose the right story

- ★ Find a story that is not too long and has plenty of action in it.
- ★ Make sure that the story has opportunities for the children to use actions and their voices to tell the story.
- ★ Stories with some rhyme and passages that are repeated are good to use, for example: *I'll huff and I'll puff and I'll blow your house down.*

2. Explore the story together

- ★ Read the story to the children and show them the pictures as you read.
- ★ Ask the children to suggest ways to show different actions in the story, for example, trees swaying in a storm, an angry character thumping her fists, or a scared character hiding from danger. Try out the actions together.

3. Organise the groups

- ★ Invite two or more children to be the narrators. They will read or tell the story while other children act it out.
- ★ Invite some children to play the characters. If you can, use simple costumes, such as a hat, scarf or piece of fabric.
- ★ Children who are not narrators or characters can be part of the special effects team. They can work together to use their bodies to create sound effects, for example: thunder, rain or animals galloping. Or they can represent objects or places in the story, for example: a flower, a box, a cave or a house.

Now you're ready to begin – enjoy retelling the story as a play!

1. Kies die regte storie

- ★ Vind 'n storie wat vol aksie is en nie te lank is nie.
- ★ Maak seker die storie bied geleenthede vir die kinders om aksies en hul stemme te gebruik om die storie te vertel.
- ★ Stories met rymies en gedeeltes wat herhaal word, werk goed, byvoorbeeld: *Ek sal raas en blaas en jou huisie omblaas.*

2. Verken saam die storie

- ★ Lees die storie vir die kinders en wys vir hulle die prente terwyl jy lees.
- ★ Vra die kinders om maniere voor te stel waarop verskillende aksies in die storie uitgebeeld kan word, byvoorbeeld, bome wat in 'n wilde storm waai, 'n woedende karakter wat haar vuiste swaai, of 'n karakter wat bang is en wegkruip vir gevaar. Oefen saam die aksies.

3. Organiseer die groepe

- ★ Nooi twee of meer kinders om die vertellers te wees. Hulle sal die storie lees of vertel terwyl die ander kinders dit opvoer.
- ★ Nooi kinders om die verskillende karakters te speel. As jy kan, gebruik eenvoudige kostuums, soos 'n hoed, serp of stuk materiaal.
- ★ Kinders wat nie vertellers of karakters is nie, kan deel wees van die span wat die spesiale effekte doen. Hulle kan saamwerk om hul liggame te gebruik om klankeffekte te maak, byvoorbeeld: donderweer, reën, of diere wat galop. Of hulle kan voorwerpe of plekke in die storie voorstel, byvoorbeeld: 'n blom, 'n boks, 'n grot of 'n huis.

Nou is julle gereed om te begin – geniet dit om die storie as 'n toneelstuk oor te vertel!

Nal'ibali news

Nal'ibali has launched a new project called, **Story Power in Motion**, which will see four tuk-tuk mobile libraries visiting selected townships in KwaZulu-Natal, the Eastern Cape, the Western Cape and Gauteng.

Loaded with books, stories and other reading materials, these colourful libraries will promote reading for enjoyment and also increase access to books for those living beyond the easy reach of a public library. In addition, they will offer fun public literacy events. Each mobile-library driver is a trained Nal'ibali Literacy Mentor. They will help children select books and will also do literacy-related activities with them, such as telling stories and singing songs.

At the launch of the project in each province, community members were able to find out more about the mobile libraries, including information about their set weekly route and when they will be visiting the area. Nal'ibali Supplements and brochures were handed out to those attending the launches.

"We believe every child should have the opportunity to reach their potential by falling in love with books and stories," said Nompumelelo Prusent, Head of Programmes at Nal'ibali. "This year alone we hope to reach at least 4 000 adults and children through events hosted by our mobile libraries, and we hope to sign up a further 2 000 library members."

Nal'ibali-nuus

Nal'ibali het 'n nuwe projek, **Story Power in Motion**, geloods. Dit maak gebruik van vier tuk-tuks wat as reisende biblioteke ingerig is en wat geselekteerde townships in KwaZulu-Natal, die Oos-Kaap, Wes-Kaap en Gauteng sal besoek.

Hierdie kleurvolle biblioteke, propvol boeke, stories en ander leesmateriaal, sal lees vir genot bevorder en ook toegang tot boeke verbeter vir mense wat nie maklike toegang tot 'n openbare biblioteek het nie. Verder sal hulle prettige openbare geleterdheidsbyeenkomste aanbied. Die bestuurders van die reisende biblioteke is opgeleide Nal'ibali-geleterdheidsmentors. Hulle sal kinders help om boeke te kies en sal ook aktiwiteite rondom geleterdheid saam met die kinders doen, soos om stories te vertel en liedjies te sing.

Tydens die bekendstelling van die projek in elke provinsie, het gemeenskapslede meer uitgevind oor die reisende biblioteke, soos wat die vasgestelde weeklikse roete gaan wees, en wanneer hulle die area sal besoek. Nal'ibali-bylaes en -brosjures is uitgedeel aan diegene wat die bekendstellings bygewoon het.

"Ons glo elke kind behoort die geleentheid te hê om hul volle potensiaal te bereik deur lief te word vir boeke en stories," sê Nompumelelo Prusent, Hoof van Programme by Nal'ibali. "Net in hierdie jaar hoop ons om minstens 4 000 volwassenes en kinders te bereik deur geleenthede wat deur ons reisende biblioteke aangebied word, en ons hoop dat minstens 2 000 lede by die biblioteek sal aansluit."



One of the new tuk-tuk mobile libraries at the launch in Orlando West, Soweto.

Een van die nuwe reisende biblioteke by die bekendstelling in Orlando-Wes, Soweto.



Handing out the Nal'ibali Supplement at the launch.

Die Nal'ibali-bylae word by die bekendstelling uitgedeel.




Create TWO cut-out-and-keep books

Clever Busy Bee

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

Yes, Yanga!

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Slim Besige Bytjie

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyn om die bladsye te skei.

Ja, Yanga!


1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyn om die bladsye te skei.




Drive your imagination



Net soos in Drie
Blikkies, is daar twee
spanne in krieket:
die kolwers en die
boulers. Die kolwers
wil die hoogste telling
aanteken deur die
meeste lopies te kry.




Just like 3 Tins,
cricket has two
teams: the batters
and the bowlers.
The batters want
to make the highest
score by making the
most runs.



A batter gets a run when they hit the ball
and run to the other side of the pitch. But the
bowlers don't want the batters to get any runs!
They want them OUT!

'n Kolwer kry 'n lopies wanneer hy die bal
slaan en na die ander kant van die kolblad
hardloop. Maar die boulers wil nie hê die
kolwers moet enige lopies kry nie! Hulle wil
hulle UITBOUL!



This story is a special adaptation of *Yes, Yanga!*, published by Pan Macmillan and available in bookstores and online from www.panmacmillan.co.za. *Yes, Yanga!* is available in English and isiXhosa. To find out more about this and other Pan Macmillan titles for children, go to www.panmacmillan.co.za.

Hierdie storie is 'n spesiaal aangepaste weergawe van *Yes, Yanga!*, uitgegee deur Pan Macmillan en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.panmacmillan.co.za. *Yes, Yanga!* is beskikbaar in Engels en isiXhosa. Om meer uit te vind oor hierdie titel en ander Pan Macmillan-titels vir kinders, gaan na www.panmacmillan.co.za.

 **PAN MACMILLAN**
www.panmacmillan.co.za



Yes, Yanga! Ja, Yanga!

*Refiloe Moahloli
Mogau Kekana*



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskuilregoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



**Drive your
imagination**



By die huis sing en dans Nandi en al die ander voor die TV. Yanga is 'n Drie Blikkies-kampioen! Yanga is 'n krieketkampioen!



A batter is out if they miss the ball that is bowled to them and it knocks over the wicket. Just like the ball knocks over the tins.
"Hey, Nandi! I could do this. I could be on TV!"
"Let's go to my school, Yanga, cricket is one of our sports."
There is nothing Yanga loves more than a challenge. So off they went to Nandi's school.

'n Kolwer is uit as hy die bal wat vir hom geboul word mis slaan en dit 'n paaltjie tref en laat omval. Net soos wat die bal die blikkies laat omval.

"Hei, Nandi! Ek kan dit doen. Miskien sal ek op TV wees!"

"Kom ons gaan na my skool toe, Yanga. Krieket is een van ons sportsoorte."
Daar is niks waarvan Yanga meer hou as 'n uitdaging nie. En so gaan hulle na Nandi se skool toe.



Yanga is a 3 Tins champion. He has amazing skill!

Yanga is 'n Drie Blikkies-kampioen. Hy het tonne talent!



"Hey, Yanga, do you know there's a game called cricket. It's a bit like 3 Tins, but they don't use tins. They use poles, which they call wickets. Maybe you should try it."
There is nothing Yanga loves more than a challenge.
"What's it called, Nandi?"
"C-RICK-KET! Come, let's go watch it on TV."


"Hei, Yanga, het jy geweet daar is 'n spel wat krieket genoem word. Dis bietjie soos Drie Blikkies, maar hulle gebruik nie blikkies nie. Hulle gebruik paaltjies. Dalk moet jy dit probeer."
Daar is niks waarvan Yanga meer hou as van 'n uitdaging nie.

"Wat word dit genoem, Nandi?"
"K-RIE-KET! Kom ons gaan kyk dit op TV."



The kids his age were the first to want him to play. Yanga learned to bat. But mostly he practised his bowling. And the wickets tumbled!

Die kinders van sy ouderdom is die eerste wat wil hê hy moet speel. Yanga leer om te kolf. Maar meestal oefen hy om te bowl. En die paaltjies val!





At home, Nandi and everyone else ululated and danced in front of the TV. Yanga is a 3 Tins champion! Yanga is a cricket champion!



Op 'n dag kry Nandi 'n plan ...


One day, Nandi had an idea ...






After that, the school's first team wanted him to play. And the wickets tumbled! The teachers were amazed.


Daarna vra die skool se eerste span hom om te speel. En die paaltjies val! Die onderwysers is stomgeslaan.



“Gooi terwyl ons in jou pad staan.”
En die blikkies val!
Waar kom dié kind vandaan? Hy het
tonne talent. Almal hier rond weet van
Yanga. Enigiemand kan hom uitdaag, en die
blikkies val.



We try and make it harder when he plays. Nothing ever works.
“Dude. Throw the ball from far.”
And the tins tumble!



... and into the hive. Busy Bee makes
honey with the pollen it collected from the
beautiful flowers.
... en in by sy korf. Besige Bytjie maak
heuning met die stuifmeel wat hy versamel
het by die pragtige blomme.

Op 'n ronde heuweltjie tussen die rotse is
daar 'n klein krakie. Besige Bytjie verdwyn
in die krakie ...



On a small round hill between the rocks
there is a tiny crack. Busy Bee buzzes
through the crack ...

Clever Busy Bee Slim Besige Bytjie



*Awebahe Johannes Hoeseb
Brendan Ruiters
Carolize Jansen*

Reproduced by kind permission of The Little Hands Trust
and the Project for the Study of Alternative Education in
South Africa (PRAESA). To find out more about PRAESA, go
to www.praesa.org.za.

Gereproduseer met die goedgeunstige toestemming
van The Little Hands Trust en die Project for the Study of
Alternative Education in South Africa (PRAESA). Om meer
uit te vind oor PRAESA, gaan na www.praesa.org.za.



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment
campaign to spark and embed a culture of reading
across South Africa. For more information, visit
www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog.
Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat
vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek
www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



**Drive your
imagination**

Besige Bytjie versamel stuifmeel van die
blomme en vlieg bzzz weg.



Busy Bee collects pollen from the flowers and
buzzes away. Bzzz...

Beautiful
flowers grow
in our garden.

Pragtige
blomme groei
in ons tuin.



Busy Bee
buzzes up to the
flowers. Bzzz...

Besige Bytjie
vlieg bzzz-
bzzz na die
blomme toe.

Hier is Mel wat 'n lekker toebroodjie eet.
Kan jy raai wat op haar brood is? Is dit
konfyt? Is dit kaas? Is dit botter? Nee, dis ...



Mel is eating a delicious sandwich. Can
you guess what is on the bread? Is it jam?
Is it cheese? Is it butter? No, it's ...

... honey.
Clever Busy Bee!



... heuning.
Slim Besige Bytjie!

Next came the professionals visiting their school. Tumble, tumble, tumble once again! What kind of child is this? He has amazing skill. That is how the story of Yanga came to be, how he became a man amongst men. Toe kom professionele krieketspelers na hulle skool toe. En weer val al die paaltjies! Waar kom dié kind vandaan? Hy En dit is hoe Yanga vir homself 'n naam maak, en hoe hy 'n man onder die manne word.



Yanga went in to bowl. Tumble went the first wicket. Tumble went the second. Tumble, tumble, tumble ... the wickets fell until the batsmen were all OUT! Yanga jumped high into the air. He was so happy he kissed the ground. His team ran up and jumped all over him. The reporters crowded all around him. The fans roared.

Yanga kry 'n boulbeurt. Die eerste paaltjie val. Die tweede paaltjie val. En toe nog een ... en nog een ... die paaltjies val tot al die kolwers UIT is!

Yanga spring in die lug op. Hy is so bly hy soen die grond. Sy span hardloop na hom toe en spring op hom. Die verslaggewers drom om hom saam. Die skare juig.




“Throw it with us standing in your way.” And the tins tumble! What kind of child is this? He has amazing skill. Everyone around here knows about Yanga. Anyone can be called to challenge him, and the tins tumble.



Ons probeer dit moeiliker maak wanneer hy speel. Niks werk ooit nie. “Gooi die bal van ver af, pël.” En die blikkies val!






“Throw it with one eye closed.”
And the tins tumble!



“Gooi met een oog toe.”
En die blikkies val!



beste te gee. Maar dit begin nie goed nie. Die
ander span teken te veel lopies aan. Veels te veel.

“Hei, Yanga, ons is in die moeilikheid. Wat
kan jy vir ons doen, pël?”

“Ons moet daardie kolwers uitkry, daar is geen
ander opsie nie. Ons moet hulle UITBOUL.”

Soos ons weet . . . is daar niks waarvan Yanga
meer hou as ’n uitdaging nie.



He was selected to play for the national team.
The team flew to countries all over the world. All
the countries they visited, tumbling of wickets
would follow!
After many wins and some losses, the team
made it to the World Cup Final. It was terrifying.
It was also exciting. The national team was ready
to do their best. But it did not start well. The other
team was making too many runs. Far too many.
“Hey, Yanga, we are in trouble. What can you
do for us, big man?”
“We need to get those batsmen out, there is no
other way. They must go OUT.”
As we know . . . there is nothing Yanga loves
more than a challenge.

Hy word gekies om vir die nasionale span te
speel. Die span vlieg na lande oral in die wêreld. In
al die lande wat hulle besoek, val die paaltjies!
Na baie keer se wen en ’n paar keer se verloor,
maak die span dit tot in die eindronde van die
Wêreldbekertoernooi. Dis vreesaanjaend. Dis ook
opwindend. Die nasionale span is gereed om hul

Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the *Nal'ibali Supplement*: *Yes, Yanga!* (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12), *Clever Busy Bee* (pages 9 and 10) and *Dog* (page 14).



Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die *Nal'ibali*-bylae gebaseer: *Ja, Yanga!* (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12), *Slim Besige Bytjie* (bladsye 9 en 10) en *Hond* (bladsy 15).

Yes, Yanga!

- ★ Have you ever played the game, 3 Tins? Do you enjoy it? (If you haven't, why don't you try it?) What other games do you enjoy playing with your friends?
- ★ Imagine that Yanga and Nandi will be interviewed on the news. What questions do you think the news reporter will ask? What answers do you think Yanga and Nandi will give? Act out the interview with some friends.



Ja, Yanga!

- ★ Het jy al ooit die spelletjie, Drie Blikkies, gespeel? Geniet jy dit? (As jy nog nie het nie, hoekom probeer jy dit nie?) Watter ander spelletjies speel jy graag saam met jou maats?
- ★ Verbeel jou dat daar tydens die nuus met Yanga en Nandi 'n onderhoud gevoer sal word. Watter vrae dink jy sal die onderhoudvoerder vra? Watter antwoorde dink jy sal Yanga en Nandi gee? Voer die onderhoud saam met 'n paar maats op.



Clever Busy Bee

- ★ Use toilet rolls, paper, glue, toothpicks, yellow paint and black paint to make a bee. Cut out the shape of the bee's wings, paint them and, when they are dry, glue them to the toilet roll. Paint the toothpicks black and add them to the bee to create its feelers.
- ★ Go outside and look at different flowers. Touch the flowers' anthers lightly and notice how the pollen rubs off onto your fingers.
- ★ What sounds do bees and other insects make? (Did you know that some insects make sounds that we can't hear?) Play a game where one of you makes an animal sound and then everyone else tries to guess which animal you are pretending to be.
- ★ In the story, Mel likes honey on her sandwich. What is your favourite filling? Make a sandwich using your favourite filling – and enjoy eating it!



Slim Besige Bytjie

- ★ Gebruik leë toiletrolle, papier, gom, tandestokkies, geel verf en swart verf om 'n by te maak. Knip die vorm van die by se vlerke uit, verf dit en laat die verf droog word. Plak dit dan met gom aan die toiletrol vas. Verf die tandestokkies swart en plak hulle aan die by vas om sy voelers te maak.
- ★ Gaan buitentoe en kyk na verskillende blomme. Raak liggies aan die blomme se helmknoppies en kyk hoe die stuifmeel aan jou vingers vassit.
- ★ Watter geluide maak bye en ander insekte? (Het jy geweet dat sommige insekte geluide maak wat ons nie kan hoor nie?) Speel 'n spelletjie waarin een van julle 'n dieregeluid maak en al die ander probeer raai watter dier dit is.
- ★ In die storie hou Mel van heuning op haar toebroodjie. Wat eet jy die graagste op jou broodjie? Maak 'n toebroodjie met jou gunstelingvulsel en smul lekker!

Dog

- ★ Use clay or playdough to create the characters in the story, or draw your own pictures of them and cut them out. Use your characters to retell the story in your own way!
- ★ Do you know of any other stories that have both animals and people in them? What happens in these stories? Are there any similarities to this story?



Hond

- ★ Gebruik klei of speeldeeg om die karakters in die storie te maak, of teken jou eie prente van hulle en knip dit uit. Gebruik jou karakters om die storie op jou eie manier oor te vertel.
- ★ Ken jy enige ander stories waarin mense en diere voorkom? Wat gebeur in daardie stories? Is daar enige ooreenkomste met hierdie storie?





Dog



By Kai Tuomi Illustrations by Jiggs Snaddon-Wood

When the world was young, Dog was a wild thing. He spent his days wandering the land alone. At night he lay his head on his fuzzy paws and kept guard over his cave.

Nobantu, the first woman, lived in a small hut near Dog's cave. One evening as she walked home, Nobantu saw Dog with his head on his fuzzy paws, sleeping with one eye open, and she felt sorry for him.



"I wonder what I can do to help Dog?" she thought. "He looks so lonely."

As Nobantu thought about a plan, Dog woke up and barked at her.

"Dog," she called out, "you are an excellent guard."

"Yes," Dog growled, "I'm the best guard in the whole bushveld. My ears are so good that I can hear the smallest noise, my eyes can see in the dark, and I always sleep with one eye open."

"Amazing," said Nobantu. "Could you please teach me how to be a good guard? Come to my hut tomorrow at sunset. If you do, I'll give you a hot meal to eat."

Dog had never eaten a hot meal before, but it sounded good.

At sunset the following day, Dog came wandering through the bushveld towards Nobantu's hut. He greeted her and growled, "Now you must watch what I do. I'll teach you how to be a good guard."

Then Dog lay down outside Nobantu's hut, with his head on his fuzzy paws. He fell asleep with one eye open.

That night he chased away a few wild animals. In the morning Nobantu brought him a hot meal in an old tin bowl.

"Here you go," said Nobantu.

Dog gobbled up the meal.

"Did I teach you how to be a good guard?" he barked.

"I think I've nearly got it," answered Nobantu with a smile, "but maybe you could show me again tonight. If you do, I'll give you a hot meal AND I'll make a little bed for you to sleep on."

Dog licked his lips. The hot meal had been delicious, and he'd never slept on a little bed before.

At sunset, Dog came wandering through the bushveld towards Nobantu's hut. Just as she had promised, there was a little bed waiting for him. It was soft and comfortable – much more comfortable than a cave floor – and Dog fell asleep immediately with one eye open.

That night he chased away a few wild animals. In the morning Nobantu brought him a hot meal in an old tin bowl.

"Here you go," said Nobantu.

Dog gobbled up the meal.

"Did I teach you how to be a good guard?" he barked.

"I think I've nearly got it," answered Nobantu with a smile, "but maybe you could show me again tonight. If you do, I'll give you a hot meal, you can sleep on the little bed again, AND I'll scratch your back."

Dog licked his lips. The hot meal had been delicious, and the little bed was comfortable – much more comfortable than a cave floor – and he'd never had anyone scratch his back before.

At sunset, Dog came wandering through the bushveld towards Nobantu's hut. He lay down on the little bed. Nobantu sat next to him and scratched his back. What a wonderful feeling! Dog barked with happiness, then fell asleep on the little bed with one eye open.

That night he chased away a few wild animals. In the morning Nobantu brought him a hot meal in an old tin bowl. Dog gobbled up the meal.

"You know, Nobantu," Dog barked, "for three nights in a row I've tried my best to teach you how to be a good guard, but you don't seem to get it at all. I don't think you'll ever learn how to do it."

"I won't?" asked Nobantu with a smile.

"No, I don't think so," answered Dog. "The problem is that you sleep inside, your ears are too small, and you can't see in the dark. So, I have a better idea. Instead of me teaching YOU how to be a good guard, I could just guard your hut for you. In return you can feed me, give me a bed to sleep on and scratch my back."

"And what about playing?" asked Nobantu.

"Playing?" frowned Dog.

Nobantu showed Dog how to play with a stick. It was wonderful!



When they were done, they agreed that Dog would stay and be Nobantu's guard dog.

As the sun set that night, Dog fell asleep on his little bed with a smile on his face, and both his eyes closed.

And that is how he and his children, and their children's children came to live with people, and that's why dogs are no longer wild things that wander the bushveld and sleep in caves all alone.



Drive your
imagination



Hond

Deur Kai Tuomi ■ Illustrasies deur Jiggs Snaddon-Wood



Toe die wêreld nog jonk was, was Hond 'n wilde dier. Hy het die land alleen deurkruis. Snags het hy met sy kop op sy wollerige pote gelê en sy grot bewaak.

Nobantu, die eerste vrou, het in 'n klein hut naby Hond se grot gewoon. Een aand toe sy huis toe stap, sien Nobantu hoe Hond met sy kop op sy wollerige pote met een oog oop lê en slaap. Sy voel jammer vir hom.



"Ek wonder wat ek kan doen om vir Hond te help?" dink sy. "Hy lyk so eensaam."

Terwyl Nobantu aan 'n plan dink, word Hond wakker en blaf vir haar.

"Hond," roep sy, "jy hou so goed wag."

"Ja," grom Hond, "ek hou die beste wag in die hele bosveld. My ore is so goed dat ek die sagste geluid kan hoor, my oë kan in die donker sien, en ek slaap altyd met een oog oop."

"Ongelooflik," sê Nobantu. "Kan jy my asseblief leer hoe om net so goed soos jy wag te hou? Kom môre teen sonder na my hut toe. As jy kom, sal ek vir jou lekker warm kos gee om te eet."

Hond het nog nooit voorheen lekker warm kos geëet nie, maar dit klink goed.

Met sonder die volgende dag, stap Hond deur die bosveld tot by Nobantu se hut. Hy groet haar en grom: "Hou my nou mooi dop. Ek sal jou leer hoe om goed wag te hou."

Toe gaan lê Hond buite Nobantu se hut met sy kop op sy wollerige pote. Hy raak aan die slaap met een oog oop.

Daardie nag jaag hy 'n paar wilde diere weg. Die volgende oggend bring Nobantu vir hom lekker warm kos in 'n ou blikkometjie.

"Hierso," sê Nobantu.

Hond verorber die kos.

"Het ek jou geleer hoe om goed wag te hou?" blaf hy.

"Ek dink ek weet amper hoe," antwoord Nobantu met 'n glimlag, "maar dalk kan jy my vanaand weer wys. As jy dit doen, sal ek vir jou lekker warm kos gee EN ek sal vir jou 'n bed maak om op te slaap."

Hond lek sy lippe af. Die warm kos was heerlijk en hy het nog nooit voorheen op 'n bed geslaap nie.

Met sonder stap Hond deur die bosveld tot by Nobantu se hut. Net soos wat sy belowe het, wag daar 'n bed vir hom. Dis sag en gemaklik – baie gemakliker as 'n grotvloer – en Hond raak dadelik aan die slaap met een oog oop.

Daardie nag jaag hy 'n paar wilde diere weg. Die volgende oggend bring Nobantu vir hom lekker warm kos in 'n ou blikkometjie.

"Hierso," sê Nobantu.

Hond verorber die kos.

"Het ek jou geleer hoe om goed wag te hou?" blaf hy.

"Ek dink ek weet amper hoe," antwoord Nobantu met 'n glimlag, "maar dalk kan jy my vanaand weer wys. As jy dit doen, sal ek vir jou lekker warm kos gee, jy kan weer op die bed slaap, EN ek sal jou rug krap."

Hond lek sy lippe af. Die warm kos was heerlijk en die bed was gemaklik – baie gemakliker as 'n grotvloer – en niemand het nog ooit sy rug gekrap nie.

Met sonder stap Hond deur die bosveld tot by Nobantu se hut. Hy gaan lê op die bed. Nobantu sit langs hom en krap sy rug. Hoe salig! Hond blaf van geluk, en raak dan op die bed aan die slaap met een oog oop.

Daardie nag jaag hy 'n paar wilde diere weg. Die volgende oggend bring Nobantu vir hom lekker warm kos in 'n ou blikkometjie. Hond verorber die kos.

"Jy weet, Nobantu," blaf Hond, "ek het nou drie nagte in 'n ry my bes probeer om jou te leer hoe om goed wag te hou, maar dit lyk nie of jy dit onder die knie kry nie. Ek dink nie jy gaan ooit leer hoe om dit te doen nie."

"Nie?" vra Nobantu met 'n glimlag.

"Nee, ek dink nie so nie," antwoord Hond. "Die probleem is dat jy binne slaap, jou ore is te klein, en jy kan nie in die donker sien nie. Ek het 'n beter idee. In plaas daarvan dat ek vir JOU leer hoe om goed wag te hou, kan ek liever wag hou buite jou hut. In ruil daarvoor kan jy vir my kos gee, 'n bed om op te slaap en jy kan my rug krap."

"En wat van speel?" vra Nobantu.

"Speel?" frons Hond.

Nobantu wys vir Hond hoe om met 'n stok te speel. Dis fantasties!



Toe hulle klaar is, stem hulle saam dat Hond sal bly en Nobantu se wag hond sal wees.

Toe die son daardie aand sak, raak Hond op sy bedjie aan die slaap met 'n glimlag op sy gesig, en albei oë toe.

En dit is hoe hy en sy kinders, en hulle kinders se kinders by mense gaan bly het, en dit is waarom honde nie meer wilde diere is wat in die bosveld rondwaal en stoksielalleen in grotte slaap nie.

Nal'ibali fun

Nal'ibali-pret



1. Be a story writer!

1. Cut out the beginning of the story *The traveller's treasure* and paste it on a sheet of lined paper.
2. Use your imagination to complete this story.
3. You might also want to draw pictures to go with your story.
4. Read your story to someone else.

The traveller's treasure

Once upon a time, there was a very greedy man. Although he was very rich, all he ever wanted was more money.

One evening, an old traveller came to the greedy man's door.

"I've been walking all day," the old traveller said. "Please let me rest here tonight."

"Hmmm," said the greedy man. "What will you pay me?"

"I have no money with me," said the old traveller, "but tomorrow I can lead you to a special treasure and share it with you ..."



Wees 'n storieskrywer!

1. Knip die begin van die storie, *Die reisiger se skat*, uit en plak dit op 'n vel papier met lyntjies.
2. Gebruik jou verbeelding om hierdie storie te voltooi.
3. Jy sal dalk ook prente wil teken wat by jou storie pas.
4. Lees jou storie vir iemand anders.

Die reisiger se skat

Eendag was daar 'n baie gierige man. Al was hy skatryk, wou hy altyd nog meer geld hê.

Een aand verskyn 'n ou reisiger voor die gierige man se deur.

"Ek stap al die hele dag lank," sê die ou reisiger. "Laat my asseblief vannag hier rus."

"Hmmm," sê die gierige man. "Hoeveel sal jy my betaal?"

"Ek het geen geld by my nie," sê die ou reisiger, "maar môre kan ek jou na 'n spesiale skat toe lei en dit met jou deel ..."





2. Bella wants a story!

Bella is in a hurry to get to Gogo's reading club. Help her get there so that she can listen to the story Gogo is reading. Colour in the stars to find the correct path.

Bella wil 'n storie hoor!

Bella is haastig om by Gogo se leesklub te kom. Help haar om daar uit te kom sodat sy na die storie kan luister wat Gogo lees. Kleur die sterre in om die regte pad te vind.



Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us by calling our call centre on 02 11 80 40 80, or in any of these ways:

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Skakel ons inbelsentrum by 02 11 80 40 80, of kontak ons op een van die volgende maniere:

www.nalibali.org www.nalibali.mobi [nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA) info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

Sowetan
IN THE KNOW ON THE MOVE.



Drive your
imagination

